**Skriflesing:** Gen 22:1-19
**Tema:** 'n Draadsitter sit op 'n baie gevaarlike plek.
('n Draadsitter is iemand wat besluiteloos is, iemand wat nie kant kies nie.)

Abraham en Sarai is getroud toe hy 50 jaar en sy 40 jaar oud was. Ons lees in Genesis 12 hoe hy, toe hy 75 jaar oud was, van die Here die opdrag kry om te trek. Die Here het ook vir Abraham geseën en vir hom belowe dat hy 'n seun sal hê uit wie die verbondsvolk sal voortkom. Dit is 25 jaar later. Abraham en Sara is 50 jaar getroud toe Isak, hulle eersteling, gebore is.

Nou kom God in die nag na Abraham en gee vir hom opdrag om sy seun te offer. God stel Abraham op die proef. Hy toets sy geloof. God weet nie wat uitkoms van die toets gaan wees nie. Abraham moet sy eie keuse maak. Abraham het geglo dat God sal voorsien, maar hy weet nie hoe God dit sal doen nie.

Die toets gaan nie oor of Abraham glo nie, maar waarom Abraham glo. Vir wie dien Abraham?
Het Abraham in opdrag van God sy land verlaat en getrek ter wille van die nuwe land wat syne gaan word? Het hy getrek omdat God vir hom verseker het dat Hy 'n einde aan sy kinderloosheid sal maak? Het dit vir Abraham regtig oor die Here gegaan? Dien hy die Here of dien hy die Here vir die voordele wat daaruit spruit?

Voor ons verder kyk na Abraham se keuse, kom ons staan net eers stil by 'n ander belangriker keuse. God is nie 'n besluitlose draadsitter as dit by mense kom nie. Hy kies vir ons.
In Genesis 17:7 sê die Here vir Abraham, vir Imke wat vanoggend gedoop is, vir haar ouers Willem en Marli en vir elkeen van ons: "[7]Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag."

In ons onlangse geskiedenis, so min as 2000 jaar gelede, was daar weer 'n Seun op 'n koppie geoffer. En hierdie keer was daar niks of niemand anders wat Sy se plek kon inneem nie. God het die offerlam voorsien. Hy het Sy eie Seun in ons plek gegee. Die kruis is bewys dat God in liefde vir elkeen van ons gekies het.

Vir wie kies ons?

Maar eers terug by Abrahamse keuse. Hy kies God bo alles. Hy vat sy seun, sy enigste seun, Isak vir wie hy liefhet en hy is bereid om hom in absolute 100% geloofsgehoorsaamheid, afhanklikheid en diensbaarheid aan God te offer.
Vir hom sê God in V 12: "Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie." En 'n engel van die Here spreek die seën van die Here oor Abraham uit.

Hoe lyk dit in my en jou lewe? Waarom dien ons die Here? Gaan dit oor Hom en Sy eer of dien ons Hom vir die voordele wat dit vir ons inhou? Ons wil darem almal hemel toe gaan. Of is jy dalk 'n DDT lidmaat, jy is is net hier vir doop, dood en troue?
Sê nou die Here kom sê vanoggend vir jou: "Gee My jou goed, jou huissleutel of karsleutel of geld!" Wat sal jy doen? Of die Here beveel jou: "Gee my jou vrou, man of kinders. Dit is wonderlik dat hulle vir jou belangrik is. Ek wil dit nie anders hê nie. Maar Ek wil net seker maak dat Ek nommer 1 in jou lewe is, dat dit vir jou net oor My gaan."
Sê nou die Here kom nog nader aan ons eie lyf en Hy vra vir ons in die woorde van Romeine 12:1:

“En nou doen ek 'n beroep op julle, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. ’n Lewe wat voltyds afgesonder is vir Hom, ‘n lewe wat fokus op Hom, is presies waaroor godsdiens gaan.”

Die oomblik as dit ons tref dat God ons gekies het en dat die Here sy alles, sy lewe, vir ons gegee gegee het kan ons nie anders as om te kies om, in dankbaarheid, ook ons alles vir Hom te gee nie. Ons gee eers ons lewens en vanuit hierdie oorgawe ook ons hartsmense, besittings en tyd.

Hier is baie mense wat uit dankbaarheid die Here onvoorwaardelik dien, vir wie dit net oor die Here gaan. Maar ek wonder soms of die Here regtig nommer 1 in ons lewens en gemeente is.

Ons dien die Here in die eerste plek by ons huis, werk en in die samelewing. Dit is kerkwees, die erediens van die lewe.
Maar ons dien die Here ook in die gemeente.  Daarom gebruik ek ons gemeente as voorbeeld om te verduidelik waarom ek wonder oor ons toewyding.
Op ons boeke is ons 1 100 volwasse lidmate en 300 kinders tot in graad 11. Dit is die meeste lidmate in 9 jaar. Maar tog moet ons by herhaling  mense pleit om die Here te dien en daar is min reaksie hierop.
Ons nooi mense om jeugmentors te wees, by Vroue in Aksie en selgroepe betrokke te raak. Ons vra vir kerkraadslede en dienswerkers en mense wat wil help met die opneem en tel van dankoffers. Ons soek na mense wat wil help met o.a. die stroom van ons eredienste.
Indien die Here regtig nommer een is gaan mense toustaan by bedieninge. Daar sal ‘n waglys wees.
Daar is vanoggend geen onduidelikheid daaroor dat wanneer jou geloof nie sigbaar word in dade van diens aan God nie, slaag jou geloof nie Sy toets nie.

Ek probeer jou nie bangmaak of laat slegvoel nie. Moet asseblief nie die Here dien omdat jy bang is of skuldig voel nie. Die Here is nie in die besigheid van vrees of skuldige gewetens nie.

Ons dien die Here omdat ons uit dankbaarheid nie anders kan nie. U het my gekies, dankie Here!
“Hier is ek”, is die enigste woorde wat Abraham teenoor die Here gebruik in die hele gelese gedeelte.
Hier is ek. Ek kies net vir U. Gebruik my.

‘n Draadsitter sit op ‘n baie gevaarlike plek. Kom ons kies elkeen vanoggend opnuut: Of ek dien die Here of ek dien Hom nie.
Amen